**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer : A170/09

In die appèl van:-

| | |
|---|---|
| **P J SWAN** | Appellant |
| en | |
| **KOMMISSARIS VAN DIE HOF VAN KLEIN EISE BLOEMFONTEIN** | 1ste Respondent |
| **HEIN SANDER** | 2de Respondent |
| **KARABO JACOB TAU** | 3de Respondent |

---

**CORAM:** HANCKE, R *et* CILLIé, R

---

**AANGEHOOR OP:** 18 OKTOBER 2010

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, R

---

**GELEWER OP:** 21 OKTOBER 2010

---

[1] Applikant doen aansoek om ‘n bevel met die volgende bepalings:

1. Dat die besluit van die eerste respondent soos vervat in bylaag “I” tot hierdie Kennisgewing van Mosie en gedateer 30 Junie 2009 hersien en tersyde gestel word;

2. Dat die eerste en tweede respondente gesamentlik en afsonderlik met mekaar asook gesamentlik en afsonderlik met sodanige ander respondente en persone wat hierdie aansoek mag bestry, gelas word om die koste te betaal.

[2] Dit is van belang om te let op die bepalings van artikel 46 van die Wet op Howe vir Klein Eise, Nr. 61 van 1984 ("gemelde Wet") wat handel met die omstandighede waaronder ingemeng kan word:

> "Gronde vir hersiening-
>
> Die gronde waarop die verrigtinge van 'n hof voor 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika op hersiening geneem kan word is-
>
> a) gebrek aan regsbevoegdheid by die hof;
>
> b) belang by die geding, vooroordeel, kwaadwilligheid of die pleging van 'n misdryf bedoel in dele 1 – 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 deur die Kommissaris; en
>
> c) growwe onreëlmatigheid in verband met die verrigtinge."

Die vraag in hierdie saak is of die applikant 'n saak uitgemaak het vir hersiening soos bedoel in artikel 46 van gemelde Wet.

[3] Dit blyk uit die stukke dat die tweede respondent die applikant gedagvaar het vir terugbetaling van 'n deposito ten opsigte van 'n huurooreenkoms wat beëindig is. Die applikant het die deposito teruggehou weens beweerde skade veroorsaak deur die tweede respondent aan die eiendom, welke skade herstel moes word. Die aangeleentheid was aanvanklik deur 'n ander Kommissaris, mnr. Kgwale, op 24 Mei 2009 aangehoor. Tydens die verhoor is getuienis deur beide die applikant en die tweede respondent aangebied en was die aangeleentheid uitgestel vir 'n bevinding en uitspraak na 30 Junie 2009.

[4] Op 30 Junie 2009 het die derde respondent, Karabo Jacob Tau, die verrigtinge waargeneem en het die verhoor *de novo* begin sonder om enige redes te verskaf waarom hy in die plek van die vorige Kommissaris optree. Daar is nie duidelikheid waarom die derde respondent as Kommissaris oorgeneem het nie. Volgens die tweede respondent is die

aanvanklike Kommissaris nie meer in diens by die Hof vir Klein Eise nie "indien my kolleksie korrek is".

[5] Die applikant voer aan dat hy nie beswaar gemaak het teen die derde respondent nie, aangesien hy onder die indruk was dat slegs die uitspraak gelewer sou word. Verdermeer was die applikant nie gereed om die aangeleentheid *de novo* te hanteer nie en het hy as 'n leek nie geweet wat hom te doen staan in die betrokke omstandighede nie.

[6] Dit is van belang om te let op die bepalings van artikel 10 van gemelde Wet wat soos volg lui:

> "Prosedure in geval van afwesigheid of onvermoë van Kommissarisse-
> Wanneer 'n Kommissaris weens afwesigheid of onvermoë nie in staat is om die verhoor van 'n aksie te voltooi nie, moet daardie verhoor *de novo* voor 'n ander Kommissaris 'n aanvang neem."

Daar is geen aanduiding dat die huidige Kommissaris dit mondelings op rekord geplaas het waarom sy voorganger "weens afwesigheid of onvermoë nie in staat is" om die saak

af te handel nie. Inderwaarheid was die verhoor reeds voltooi gewees en was slegs die Kommissaris se uitspraak uitstaande. Al het hy ook die diens verlaat, was daar minstens 'n morele plig gewees om uitspraak te lewer. Indien hy weens onvermoë nie in staat was om die uitspraak te lewer nie, was dit noodsaaklik gewees om dit so aan die partye mee te deel en hulle 'n geleentheid te gee om submissies daaromtrent te maak. Die feit dat laasgenoemde nie geskied het nie, stel na my mening 'n onreëlmatigheid daar.

[7] Gevolglik behoort die verrigtinge tersyde gestel te word en ondersoek ingestel word waarom die vorige Kommissaris nie uitspraak gelewer het nie. Slegs indien dit vasstaan dat voldoen is aan artikel 10 van gemelde Wet en dit dienooreenkomstig aan die partye meegedeel is, kan die verhoor *de novo* voor 'n ander Kommissaris 'n aanvang neem.

[8] Daar is ook 'n verdere onreëlmatigheid. Dit is gemene saak tussen die partye dat die derde respondent, na afloop van die verrigtinge, maar voordat uitspraak gelewer was, in die

afwesigheid van die applikant en sonder sy toestemming met die tweede respondent kommunikeer het. Die derde respondent voer aan dat die tweede respondent na die verhoor na buite gegaan het waar sy motor, 'n outentieke 1967 model Fiat 600, geparkeer was en hom gevra het of dit nie te koop was nie. Die volgende dag het die tweede respondent uitspraak in die guns van die derde respondent verleen.

[9] Ten opsigte van die kommunikasie tussen 'n voorsittende beampte en 'n getuie, verklaar Broome RP (waarmee Holmes R) saamstem in **REX v MAHARAJ** 1960 (4) SA 256 (N) op 258 C die volgende:

> "It is elementary that a judicial officer should have no communication whatever with either party in a case before him except in the presence of the other, and no communication with any witness except in the presence of both parties. For that reason the conviction must be set aside."

In laasgenoemde saak het die landdros 'n mediese dokter na sy kamers geroep en sekere aspekte van die saak bespreek ten opsigte van die aanklag teen die beskuldigde, naamlik

bestuur onder die invloed van drank.

[10] Wat kommunikasie tussen die voorsittende beampte en ‘n aanklaer betref in die afwesigheid van die beskuldigde, verklaar Howie, A.R. in **S v ROBERTS** 1999 (4) SA 915 (HHA) op 922 F – G die volgende:

> “That is so fundamentally important that the discussion between the magistrate and the prosecutor in the instant case warranted on its own, without anything more, the setting aside of the sentence. Had such a discussion occurred before conviction in this matter, there can be no question but that the conviction would have been fatally irregular.”

[11] Bogemelde optrede van die derde respondent, naamlik om met die tweede respondent oor sy motor te onderhandel kort na afhandeling van die verhoor en voor lewering van uitspraak, is na my mening ‘n growwe onreëlmatigheid wat op sigself tersyde stelling regverdig. Daarmee saam moet ook in gedagte gehou word dat dit die applikant se saak was dat die derde respondent deurgaans tydens die verhoor bevooroordeeld, kwaadwillig en kortaf teenoor hom opgetree het.

[12] In die lig van die voorgaande feite is ek tevrede dat applikant daarin geslaag het om ‘n growwe onreëlmatigheid in verband met die verrigtinge aan te toon soos bedoel in artikel 46 (c) van gemelde Wet. As gevolg van die slotsom waartoe ek gekom het, is dit nie nodig om met die ander gronde van hersiening, geopper deur mnr. Buys namens die applikant, te handel nie.

[13] Dit beteken dus dat die moontlike onbeskikbaarheid van Kommissaris Kgwale eers uitgeklaar moet word waarna, indien nodig, die verrigtinge *de novo* voor ‘n ander Kommissaris ‘n aanvang moet neem.

[14] Wat koste betref, is eerste en derde respondente funksionarisse van die Staat teen wie ‘n kostebevel slegs geregverdig kan word indien daar *mala fides* teenwoordig is. Geen sodanige omstandighede is hier aangetoon nie. Daar was dan ook geen rede waarom die applikant nie die gewone kostebevel, as synde die suksesvolle party teen die onsuksesvolle party, synde die tweede respondent behoort te kry nie.

[15] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. ‘n Bevel ingevolge bede 1 van die Kennisgewing van Mosie.

2. Tweede respondent word gelas om die koste van die aansoek te betaal.

**S.P.B. HANCKE, R**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIé, R**

Namens die appellant: Adv. J.J. Buys
In opdrag van:
Hefer Prokureurs
BLOEMFONTEIN
Verw: WJ BOTHA/mjvr/SWA1/0001

Namens die 2de respondent: Adv. B.J. Smal
In opdrag van:
Van Pletzen Lambrechts Prokureurs
BLOEMFONTEIN
Verw: F van Pletzen

/sp